Mat 6:11 **Gee ons vandag ons daaglikse brood!** Dinsdag 18 Aug 2020

**Bronne:**
**Buys, PW** 1984 Klasdiktaat.Verklaring vd Heid. Kat..
**De Bruyn PJ** 1994 Jou enigste Troos. Son 49
**Feenstra, JG** 1986 Leer en Lewe. p.45

Die Modelgebed wat ons Here Jesus Christus ons geleer het om te bid is die basis van ons gebede. Dit is hoe God wil hê dat ons ons gebede moet inrig. Dit begin met die aanroeping van **Ons Hemelse Vader** met die grootste eerbied en dankbaarheid en dan volg daar drie bede hoe ons God moet eer en verheerlik. Laat U Naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, Laat U wil geskied. Alles gaan oor die verheerliking van God.

Die tweede drie bedes gaan dan oor ons afhanklikheid en verhouding tot God. Vandag gaan ons kyk na: **"Gee ons vandag ons daaglikse brood."** Brood word hier sinekdogeïes gebruik, m.a.w. 'n klein deeltjie wat 'n groter geheel aandui. Met die bede: "Gee ons vandag ons daaglikse brood!" bely ons ons totale afhanklikheid van God vir al ons geestelike en fisiese behoeftes, maar in hierdie bede dan veral vir ons fisiese behoeftes. Dit gaan hier daaroor dat ons ons totale afhanklikheid van God as ons Hemelse Vader wat nog elke dag vir sy skepping sorg, vertrou. **Mat 5:3** "Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is." Dit gaan oor baie meer as net die brood. Kom ons dink kortweg wat alles moet gebeur om die brood op ons tafel te plaas. Daar moet 'n koringkorrel wees. Die koringkorrel moet geplant word. Om dit te plant is daar 'n boer nodig, daar is reën nodig, daar is sonskyn, goeie vrugbare grond nodig. Die koring moet geoes word, gemaal word tot meel. Die meel moet verpak en verkoop word. Dan moet die meel voorberei word tot deeg gebak word en eers dan is daar brood op die tafel.

So is ons totaal afhanklik van God, van die arbeider die boer, die meulenaar, die koöperasie, meuelens, eskom vir krag, bakkers ens. Ons sien dus dat God totaal en al sy genade moet verleen sodat ons kan lewe. Ons bid dus nie net vir brood nie, maar vir die hele voedselketting en mense en ekonomie, Alles moet deur God versorg word vir ons om te kan lewe.

Ons moet as 'n ware God agter die brood raaksien. Ons moet raaksien wat God alles doen sodat ons kan eet. **Ps 104:27,28** " **27** Hulle is almal van U afhanklik, U gee hulle kos op hulle tyd. **28** U gee, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg."

**Ons kan dus drie sake hieruit aflei:** *(Buys,PW:1984:50/2)*

- Die Goddelike oorsprong van die brood.
- Die Goddelike seën op die brood.
- Die Goddelike sekerheid van die brood.

Hierdie bede bid ons omdat Jesus ons geleer het dat alle mense, ryk en arm, openlik voor God en die mense sal bely, Wie vir hulle sorg. Dit is God ons Hemelse Vader wat elke dag vir ons voedsel voorsien. Daarom elke asemteug, elke hartklop, elke oomblik van my lewe, alles wat ek het, kom van God af. Sonder God kan niemand lewe nie.

**Prys ons Hemelse Vader vir sy versorgende hand!**

**Amen**

(ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

## Mat 6:10-13

“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

**gee ons vandag ons daaglikse brood;**

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.”

**Amen.**